Konstitusie van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging

Inhoudsopgawe		***Bladsy***
1.	Woordomskrywings	3
2.	Naam	4
3.	Logo en Kleure	4
4.	Missie en Doelstellings	4
5.	Regstatus	5
6.	Affiliasie	5
7.	Verhouding met Ander Jagtersverenigings	6
8.	Lidmaatskap	6
8.1	Gewone Lede	6
8.2	Senior Lede	6
8.3	Lewenslange Lede	6
8.4	Junior Lede	6
8.5	Studentelede	7
8.6	Gesinslede	7
8.7	Erelede	7
8.8	Korporatiewe Lede	7
8.9	Assosiaatlede	7
8.10	Buitelandse Lede	8
8.11	Beëindiging van Lidmaatskap	8
9.	Lidmaatskapgeld	9
10.	Die Kongres	9
10.1	Takafvaardigings	9
10.2	Streekafvaardigings	9

10.3 Lede van die Uitvoerende Komitee 9
10.4 Bywoning van die Kongres deur Ander Persone 9
10.5 Stemreg op die Kongres 9
10.6 Funksies en Bevoegdhede van die Kongres 10
10.7 Vergaderings en Werkwyse 10
10.8 Buitengewone Vergaderings van die Kongres 10
11. Die Uitvoerende Komitee 10
11.1 Samestelling 11
11.2 Nominasies en Verkiesing 11
11.3 Botsende Belange 11
11.4 Dienstermyne 12
11.5 Vakatures 12
11.6 Funksies en Bevoegdhede 12
11.7 Werkverrigting van Lede van die Uitvoerende Komitee 13
11.8 Vergaderings 13
12. Streke 13
13. Takke en Takbesture 13
13.1 Stigting en Ontbinding van Takke 13
13.2 Toedeling van Lede aan Takke 14
13.3 Status van Takke 14
13.4 Funksies van Takke 14
14. Die Nasionale Takvoorsittersforum 14
14.1 Samestelling 14
14.2 Funksies 15
14.3 Werkwyse 15
15. Erfenisraad 15
16. Finansies 16
16.1 Verslaglewering 16
16.2 Tekenmagte 16
16.3 Ouditeure 16
17. Interne Reëls 16
18. Dissipline 17
19. Erflatings 17
20. Ererol 17
21. Vervreemding van Bates 17
22. Ontbinding van die Vereniging 18
23. Wysiging van Hierdie Konstitusie 18
24. Interpretasie van die Konstitusie 18

1. Woordomskrywings

"Bedryfsjaar" sal wees vanaf 1 Julie to 30 Junie van die daaropvolgende jaar.

"Bestuursverslag" is die verslag wat die hoofbestuurder jaarliks aan die Kongres lewer en waarin 'n oorsig van die werksaamhede van die afgelope bedryfsjaar gegee word.

"Dissiplinêre Kode" verwys na 'n dokument wat deur die Kongres aanvaar is en waarin die reëls en prosedures beskryf word vir optrede teen persone wat na bewering die Gedragskode, Konstitusie en Interne Reëls van die Vereniging oortree het.

"Finansiële Verslag" is die verslag van die geouditeede finansiële state van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging wat jaarlikse aan die Kongres voorgelê word.

"Gedragskode" verwys na 'n dokument wat deur die Kongres goedgekeur is wat sekere gedrag en optrede beskryf soos dit van alle lede verwag sal word en wat sal dien as die basis vir dissiplinêre optrede teen lede.

"Geldende Wetgewing" verwys na die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet No. 60 van 2000 soos gewysig van tyd tot tyd) en ander toepaslike wetgewing (wette, ordonnansies en regulasies) op die gebied van vuurwapens, natuurbewaring en jag.

"Interne Reëls" verwys na die reëls en prosedures wat deur die Uitvoerende Komitee en die Kongres vasgestel word om uitvoering te gee aan die bepalings van die Konstitusie en wat dieselfde regskrag as die Konstitusie het.

"Lidmaatskapgeld" die bedrag wat jaarliks deur lede betaalbaar is om 'n lid van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging te wees.

"Opbetaalde Lid" is 'n lid wie se lidmaatskapgeld ten volle betaal is en/of 'n lid wat vir een of ander rede vrygestel is van die betaal van lidmaatskapgeld.

"Presidensiële Jaarverslag" is die verslag wat die Presidient jaarliks aan die Kongres lewer en waarin die President verslag doen oor die wyse waarop die Uitvoerende Komitee die missie en doelstellings van die Vereniging en die opdragte van die Kongres geïnterpreteer en uitgevoer het.

"Toegewyde Jagter" is 'n persoon wat aktief deelneem aan jagbedrywighede en wat 'n toegewyde lid is van die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging soos omskryf in die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000 soos gewysig van tyd tot tyd) en die regulasies uitgevaardig daarkragtens

"Toetreefooi" is die bedrag wat eenmalig betaalbaar is wanneer 'n persoon 'n lid van die Vereniging word.

"Verantwoordelike Jag" verwys na die norme vir die jagter se gedrag tydens die jag. Hoewel daar nie 'n spesifieke dokument bestaan waarin verantwoordelike jag gedefinieer word nie, word die volgende reëls deur die Suid-Afrikaanse Jagters- en Wildbewaringsvereniging aanvaar as die essensie van die konsep "verantwoordelike jag":

- die wapen wat die jagter gebruik, moet wettig en geskik wees vir die soort dier wat gejag word;
- die jagmetodes en –tegnieke wat die jagter gebruik, moet wettig en toepaslik wees vir die spesifieke terrein en omstandighede waarin gejag word en vir die soort dier wat gejag word;
- die jagter moet respek hê vir die lewe van die dier deur dit so vinnig en effektief as moontlik dood te maak;
- die jagter moet net dit jag wat hy/sy kan benut of waar dit deur pragmatiese natuurlewebestuur genoodsaak word
- die jagter moet met sy prooi en met die omgewing waarin hy jag omgaan asof hy/sy die rentmeester daarvan is, dit wil sê asof hy/sy persoonlik verantwoordelik is vir die welsyn en voortbestaan daarvan.

"Wettige jagtoerusting" verwys na alle toerusting wat vir die verantwoordelike jag van diere gebruik kan word en wat nie deur die wet verbied word nie.

2. Naam

Die naam van die Vereniging is die SUID-AFRIKAANSE JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING, hierna genoem die Vereniging.

3. Logo en Kleure

Die Vereniging sal 'n logo en kleure hê wat van tyd tot tyd deur die Kongres vasgestel word.

4. Missie en Doelstellings

Die Vereniging streef daarna om jagtersbelange in Suid-Afrika te bevorder en om uitnemende diens aan sy lede te lewer deur:

4.1 Die jagtradisie en verantwoordelike jag as noodsaaklike deel van volhoubare benutting en bewaring in Suid Afrika te bevorder en uit te bou

4.2 'n Positiewe beeld van jag en die jagter te vestig te bevorder en uit te bou

4.3 By te dra tot die bewaring van ons natuurerfenis en kennis van en liefde vir die natuurlewe te bevorder en 'n bewaringsgesindheid by lede, takke en die jeug aan te moedig;

4.4 Eenstemmingheid in die wild en jagbedryf na te streef tot voordeel van die Vereniging en sy lede

4.5 Navorsing in die jag- en bewaringsbedryf te fasiliteer en rigtinggewende leiding te gee aan die Suid-Afrikaanse samelewing ten opsigte van kritiese aspekte in die jag- en bewaringsomgewing;

4.6 Opleiding te verskaf in alle aspekte van die kultuur en etiek van jag, jagvaardighede en behendigheid in die gebruik van wettige jagtoerusting en daarmee die skiet en jagvaardighede van lede te verbeter

4.7 Die kwaliteit van skiet-, jag- en bewaringsaktiwiteite van lede te bevorder deur kompetisies op tak-, streek- en nasionale vlak te organiseer;

4.8 Verantwoordelike wapeneienaarskap ten opsigte van die geldende wetgewing te ontwikkel en te bevorder;

4.9 Die belange van lede uit te bou en te beskerm deur konstruktief met die betrokke owerheidsliggame te skakel en deel te neem aan raadpleging- en besluitnemingsprosesse wat sy doelstellings raak en

4.10. Belanghebbende instansies en individue te beïnvloed tot voordeel van die Vereniging en sy lede;

4.11 Die reg op vuurwapenbesit namens die lede te beskerm en te bevorder;

4.12 Bekostigbare jaggeleenthede vir sy lede te fasiliteer; en

4.13 Gemeenskaps- en ontwikkelingsprojekte, wat versoenbaar is met die doelstellings en Konstitusie van die Vereniging, te inisieer en/of te ondersteun.

4.14. Kommersiële geleenthede te ondersoek en te benut met die doel om waarde vir en namens die Vereniging en sy lede te ontsluit

5. Regstatus

5.1 Die Vereniging sal bestaan as 'n vereniging met regspersoonlikheid en sal in besonder:

5.1.1. In eie naam en vir eie voordeel en geheel en al apart van sy lede bates bekom en besit;

5.1.2 Geheel en al selfstandig van sy lede bestaan en bly voortbestaan ongeag enige verandering in ledetal;

5.1.3 Voortspruitend uit bostaande alle handelinge verrig wat nodig is om te verrig ten einde gevolg te gee aan die regspersoonlikheid van die Vereniging.

5.2 Die Vereniging sal geregtig wees om te enige tyd gedeeletelik of in geheel om te skakel na enige aanvaarbare wettige regsentiteit met die voorbehoud dat daar voldoen word aan die bepalings van Klousule 21 en aan die algemene bepalings van hierdie Konstitusie.

5.3 Die Vereniging kan bates en/of bedrywighede van die Vereniging oordra na enige ander wettige regsentiteit en/of belange bekom in enige ander wettige regsentiteit ten einde die belange van die Vereniging en sy lede te beskerm en/of geleenthede te benut onderhewig aan die vereistes gestel in Klousule 21 en die algemene bepalings van hierdie Konstitusie.

5.4 Die Vereniging kan, kragtens sy akkreditasie by die Suid-Afrikaanse Polisiediens, lede wat aan die vereistes voldoen as "toegewyde lede" en "toegewyde jagters" registreer in terme van die Wet op Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000 soos gewysig van tyd tot tyd) en die Regulasies uitgevaardig kragtens die Wet.

5.5 Die Vereniging kan ook opleiding verskaf wat kragtens die Wet op Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2000 soos gewysig van tyd tot tyd) vir sekere kategorieë vuurwapeneienaarskap vereis word.

6. Affiliasie

Die Vereniging kan by statutêre, nasionale en internasionale instansies, verenigings en organisasies affilieer en/of akkrediteer en kan ander instansies en/of organisasies by hom laat affilieer en/of assosieer met die oog op die verwesenliking van sy doelstellings.

7. Verhouding met Ander Jagtersverenigings

Die Vereniging funksioneer onder die besef dat daar ook ander jagtersverenigings in Suid-Afrika bestaan wat soortgelyke doelstellings as hy nastreef. Die Vereniging het die hoogste agting en respek vir daardie jagtersverenigings en streef daarna om met hulle saam te werk waar moontlik en om vriendskaplike betrekkinge met hulle te handhaaf. Die Vereniging is ook bewus van die internasionale konteks waarbinne jag en bewaring in Suid-Afrika plaasvind en streef derhalwe daarna om homself so goed as moontlik binne daardie internasionale konteks te posisioneer.

8. Lidmaatskap

Enige persoon of organisasie wat die doelstellings en Konstitusie van die Vereniging onvoorwaardelik aanvaar kan lid van die Vereniging word. Suid-Afrikaanse burgers en burgers van ander lande wat permanent in Suid-Afrika woonagtig is, kan lidmaatskap in een van die volgende kategorieë verkry:

8.1 Gewone Lede

Persone van 18 jaar en ouer kan skriftelik aansoek doen vir lidmaatskap as gewone lid. Die aansoek moet vergesel wees van die voorgeskrewe toetree- en lidmaatskapgeld soos van tyd tot tyd vasgestel. Gewone lede wat die voorgeskrewe toetree- en lidmaatskapgeld ten volle betaal het, is geregtig op alle regte en voorregte wat voortspruit uit lidmaatskap van die Vereniging. Gewone lede kan geleentheidsjagters of toegewyde jagters wees.

8.2 Senior Lede

By die bereiking van die ouderdom van 65 jaar word ‘n gewone lid ‘n senior lid. Senior lede het dieselfde regte en voorregte as gewone lede. Die lidmaatskapgeld vir senior lede is minder as dié vir gewone lede en word van tyd tot tyd deur die Vereniging vasgestel. Senior lede kan geleentheidsjagters of toegewyde jagters wees.

8.3 Lewenslange Lede

Lewenslange lidmaatskap kan verkry word deur die betaling van ‘n eenmalige bedrag as lidmaatskapgeld. Die toepaslike bedrag word van tyd tot tyd deur die Vereniging vasgestel. Lewenslange lede kan geleentheidsjagters of toegewyde jagters wees. Lewenslange lede het dieselfde regte en voorregte as gewone lede.

8.4 Junior Lede

Persone van 10 jaar, maar nie ouer nie as 18 jaar, mag junior lede word met dien verstande dat ‘n gewone lid en ‘n ouer of ‘n wettige voog skriftelik aanspreeklikheid aanvaar vir sodanige junior lid, beide wat betref sy/haar goeie gedrag as lid en die junior lid se finansiële verpligtinge teenoor die Vereniging. Junior lede betaal by aansluiting slegs die toepaslike lidmaatskapgeld. By bereiking van die ouderdom van 18 jaar word ’n junior lid outomaties ‘n gewone lid van die Vereniging,

behoudens klousule 8.1 van die Konstitusie. Junior lede het dieselfde regte en voorregte as gewone lede.

8.5 Studentelede

Persone tussen die ouderdomme van 18 en 25 jaar kan lidmaatskap as studentelede kry mits hulle bewys kan lewer dat hulle ingeskrewe studente aan 'n hoër onderwysinstelling is. Studentelede betaal, soos junior lede, slegs die toepaslike lidmaatskapgeld en is vrygestel van die toetreefooi. Studentelede het dieselfde regte en voorregte as gewone lede.

8.6 Gesinslede

Die eggenoot/eggenote en afhanklike kinders van 'n gewone lid wat by dieselfde fisiese adres as die gewone lid woonagtig is, kan teen betaling van slegs die voorgeskrewe lidmaatskapgeld gesinslidmaatskap verkry tot op die ouderdom van 18 jaar – uitgesluit eggenotes en skoolgaande afhanklikes. Gesinslede sal op dieselfde voorregte en regte as 'n gewone lid geregtig wees, met dien verstande dat slegs die gewone lid die tydskrif en korrespondensie vanaf die Vereniging ontvang.

8.7 Erelede

Erelidmaatskap kan deur die Kongres toegeken word aan individue wat weens hulle kundigheid en posisie 'n besondere bydrae tot die bereiking van die doelstellings van die Vereniging kan lewer of gelewer het. Erelede is vrygestel van die betaling van toetree- en lidmaatskapgeld en sal op dieselfde voorregte as 'n gewone lid geregtig wees. Die duur van erelidmaatskap word in elke spesifieke geval deur die Kongres bepaal.

8.8 Korporatiewe Lede

Besigheidsondernemings wat vanweë die aard van hulle besigheid 'n belang en betrokkenheid by die jagbedryf en die behoeftes van die lede van die Vereniging het, kan as korporatiewe lede lidmaatskap van die Vereniging verkry deur skriftelik daarvoor aansoek te doen of kan lede word op uitnodiging van die Vereniging. Korporatiewe lidmaatskap kan toegeken word in drie klasse, nl. platinum, goud en silwer. Die lidmaatskapgeld vir korporatiewe lede word van tyd tot tyd deur die Vereniging vasgestel.

8.9 Assosiaatlede

Organisasies wat vanweë die aard van hulle aktiwiteite 'n belang en betrokkenheid by die jagbedryf en die behoeftes van die lede van die Vereniging het en waarde kan toevoeg tot die verwesenliking van die Vereniging se doelstellings, kan lidmaatskap van die Vereniging verkry as assosiaatlede.

8.9.1 Lidmaatskap word verkry deur skriftelik aansoek te doen of op uitnodiging van die Vereniging.

8.9.2 Die Uitvoerende Komitee kan ‘n besluit neem wie as assosiaatlede toegelaat mag word op die voorwaardes wat die Uitvoerende Komitee besluit

8.9.3 Assosiaatlede betaal toetree- en lidmaatskapgeld soos deur die Vereniging vasgestel

8.9.4 Die Vereniging het geen jurisdiksie oor assosiaatlede se interne sake nie.

8.9.5 Assosiaatlede het nie stemreg in enige van die Vereniging se bestuurstrukture nie.

8.9.6 Assosiaatlede is onderhewig aan die Konstitusie en Interne Reëls van die Vereniging in soverre hulle optrede verband hou met hulle deelname aan die aktiwiteite van die Vereniging.

8.9.7 Individuele lede van assosiaatlede geniet nie die voordele en verpligtinge van lidmaatskap wat op lede van die Vereniging van toepassing is nie, tensy sodanige individue ook lede van die Vereniging is.

8.9.8 Die aard van die assosiaatlid se deelname aan die aktiwiteite van die Vereniging sal per ooreenkoms bepaal word.

8.10 Buitelandse Lede

Persone wat buite Suid-Afrika woon, kan as buitelandse lede lidmaatskap van die Vereniging verkry met alle normale voordele verbonde aan lidmaatskap. Lidmaatskapsgeld sal van tyd tot tyd deur die Vereniging bepaal word.

8.11 Beëindiging van Lidmaatskap

8.11.1 ‘n Lid kan sy/haar lidmaatskap self beëindig deur ’n bedankingsbrief aan die Vereniging te rig. Sy/haar bedanking moet die Nasionale Kantoor bereik voordat die datum aanbreek waarop sy/haar lidmaatskapgeld betaalbaar is.

8.11.2 ‘n Lid se lidmaatskap kan deur die Vereniging beëindig word indien sy/haar lidmaatskapsgeld nie betaal is binne die tyd wat deur die Interne Reëls daarvoor bepaal word nie.

8.11.3 Lidmaatskap kan deur die Vereniging beëindig word indien dit, ná toepaslike dissiplinêre prosedures, duidelik is dat die betrokke lid die gedragskode oortree het of dat sy lidmaatskap onherstelbaar indruis teen die waardes en doelstellings van die Vereniging.

8.11.4 Lede wie se lidmaatskap ingevolge paragraaf 8.11.3 hierbo beëindig word, verbeur alle gelde wat hy/sy reeds aan die Vereniging betaal het en moet alle eiendom van die Vereniging wat in sodanige lid se besit is, sonder versuim aan die Vereniging terugbesorg.

8.11.5 Lidmaatskap van assosiaatlede kan op hulle skriftelike versoek beëindig word. Assosiaatlede se lidmaatskap kan ook deur die Vereniging opgeskort of beëindig word wanneer botsende belange of ’n assosiaatlid se herhaalde oortreding van die bepalings van die Vereniging se Konstitusie en/of Interne Reëls dit noodsaaklik maak. Indien sodanige beëindiging of opskorting van die lidmaatskap deur die Vereniging geïnisieer word, moet dit per besluit van die Uitvoerende Komitee gedoen word.

9 Lidmaatskapsgeld

By toetrede tot die Vereniging is ’n toetreefooi sowel as jaarlikse lidmaatskapgeld betaalbaar, en dan daarna slegs lidmaatskapgeld. Die toepaslike bedrae in elke geval, sowel as die datums waarop dit betaalbaar is, word van tyd tot tyd deur die Vereniging vasgestel.

10. Die Kongres

Die Kongres van die Vereniging kom een maal per jaar byeen op die tyd, datum en plek soos deur die Vereniging bepaal. Die Kongres word saamgestel deur afvaardigings wat die takke, streke, die Erfenisraad en die Uitvoerende Komitee van die Vereniging verteenwoordig.

10.1 Takafvaardigings

Takafvaardigings word saamgestel soos bepaal deur die Interne Reëls.

10.2 Streekafvaardigings

Die grootte en samestelling van streekafvaardigings sal deur die Interne Reëls bepaal word wanneer streke geskep word in terme van Klousule 12 van hierdie Konstitusie.

10.3 Stemgeregtigde Lede van die Kongres

Benewens die tak- en streekverteenwoordigers is die volgende persone ook stemgeregtigde lede van die Kongres:

10.3.1 Die lede van die Uitvoerende Komitee

10.3.2 Die Hoof- Uitvoerende Beampte van die Vereniging.

10.3.3 Lede van die Erfenisraad

10.4 Bywoning van die Kongres deur Ander Persone

Die volgende persone kan die Kongres as waarnemers of adviseurs bywoon:

10.4.1 Die hoofde van bedryfsdepartemente van die Vereniging;

10.4.2 Verteenwoordigers van korporatiewe lede;

10.4.3 Verteenwoordigers van assosiaatlede;

10.4.4 Enige persoon wat deur die President genooi word om ‘n vergadering van die Kongres as waarnemer by te woon; en

10.4.5 Enige lid van die Vereniging wat nie ingesluit is in die amptelike afvaardiging van ’n tak nie.

10.5 Stemreg op die Kongres

Alle afgevaardigdes na die Kongres soos bedoel in klousules 10.1 tot 10.3 het een stem op die Kongres. Sou daar egter oor enige bepaalde saak ’n staking van stemme wees, het die Voorsitter van die Takvoorsittersforum sowel as elke takvoorsitter ’n beslissende tweede stem. Sou daar na die tweede ronde stemming steeds ’n staking van stemme wees, het die Voorsitter van die Takvoositttersforum die finale en beslissende stem.

10.6 Funksies en Bevoegdhede van die Kongres

Die Kongres is die hoogste gesagsliggaam van die Vereniging en is beklee met volle besluitnemingsgesag oor alle aangeleenthede wat uit die bepalings van hierdie Konstitusie en die Interne Reëls voortspruit. Die Kongres oefen sy gesag uit deur:

10.6.1 Goedkeuring van die presidensiële jaarverslag, bestuursverslag en finansiële verslag van die afgelope bedryfsjaar;

10.6.2 Hantering van sake wat die Uitvoerende Komitee vir besluitneming na die Kongres mag verwys;

10.6.3 Hantering van sake wat lede deur hulle Takke vir besluitneming na die Kongres mag verwys

10.6.4 Riglyne en opdragte te gee aan die Uitvoerende Komitee vir die volgende bedryfsjaar;

10.6.5 Wysigings en aanpassings aan die Interne Reëls, Gedragskode en Dissiplinêre Prosedure goed te keur;

10.6.6 Lede van die Uitvoerende Komitee te verkies;

10.6.7 Ouditeure vir die finansiële state van die Vereniging te benoem;

10.6.8 Erelidmaatskap toe te ken; en

10.6.9 Die Konstitusie te wysig wanneer nodig.

10.7 Vergaderings en Werkwyse

Operasionele vereistes en prosedures vir die funksionering van die Kongres word deur die Interne Reëls bepaal.

10.8 Buitengewone Kongres

'n Buitengewone Kongres kan byeengeroep word oor dringende sake en kan op die volgende drie wyses geïnisieer word:

10.8.1 Die Uitvoerende Komitee kan so 'n buitengewone Kongres byeenroep indien hy daarvan oortuig is dat besluitneming oor 'n bepaalde saak so dringend is dat dit nie kan wag tot die volgende Kongres nie, of

10.8.2 Die Nasionale Takvoorsitterforum kan die Uitvoerende Komitee versoek om 'n buitengewone Kongres byeen te roep indien die meerderheid van hulle teenwordig by 'n NTVF vergadering daarvan oortuig is dat besluitneming oor 'n bepaalde saak nie kan wag tot die volgende Kongres nie; en

10.8.3 Die Kongres kan self besluit om 'n buitengewone vergadering van die Kongres te belê om 'n bepaalde saak af te handel vóór die volgende gewone Kongres.

11. Die Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee word deur die Kongres verkies om toe te sien dat die doelstellings van die Vereniging verwesenlik word binne die beleidsraamwerk wat van tyd tot tyd deur die Kongres vasgestel word. Wanneer die Kongres nie in sitting is nie berus die volle gesag oor alle sake by die Uitvoerende Komitee, wat volledig verslag daaroor doen aan die Kongres by wyse van die presidensiële verslag. bestuursverslag en finansiële verslag van die afgelope bedryfsjaar.

11.1 Samestelling

Die Uitvoerende Komitee bestaan uit:

a. die President;

b. die Adjunkpresident;

c. die Visepresident: Ledesake

d. die Visepresident: Bewaring

e. die Visepresident: Jagsake

f. die Visepresident: Kommunikasie

g. die Visepresident: Opleiding

h. die Hoof- Uitvoerende Beampte; en

i. hoogstens drie lede van die Vereniging wat deur die Uitvoerende Komitee gekoöpteer word op grond van hulle spesifieke kundigheid van sekere gespesialiseerde terreine om hom by te staan met die uitvoering van sy funksies. Gekoöpteerde lede sal volle stemreg op die Uitvoerende Komitee hê.

Hoofde van bedryfsdepartemente van die Vereniging kan die vergaderings van die Uitvoerende Komitee as adviseurs bywoon.

11.2 Nominasies en Verkiesing

11.2.1 Die President, Adjunkpresident en die Visepresidente (uitgesonderd die Visepresident: Ledesake) word deur die Kongres verkies;

11.2.2 Die Visepresident: Ledesake word deur die Takvoorsittersforum verkies en sy/haar verkiesing word deur die Kongres bekragtig;

11.2.3 Nominasies moet skriftelik gedoen word en die verkiesing geskied volgens die bepalings van die Interne Reëls.

11.2.4 Lede wat hulle verkiesbaar stel vir die Uitvoerende Komitee moet dit doen op die voorgeskrewe vorm en 'n curriculum vitae aanheg. Indien daar botsende belange mag bestaan, moet dit vooraf verklaar word.

11.3 Botsende Belange

Geen lid van die Uitvoerende Komitee mag nadat hy op die Uitvoerende Komitee verkies of gekoöpteer is 'n bestuurslid van 'n kompeterende organisasie of vereniging word sonder dat die Uitvoerende Komitee uitdruklik daarvoor toestemming gegee het nie. 'n Lid van die Uitvoerende Komitee het dieselfde fidusiëre verantwoordelikheid as 'n direkteur van 'n Maatskappy.

11.4 Dienstermyne

11.4.1 Die dienstermyne van die verkose lede is twee jaar. Die helfte van die Uitvoerende Komitee moet elke jaar herkies word. Lede van die Uitvoerende Komitee mag vir 'n maksimum van twee termyne van twee jaar in 'n bepaalde portefeulje dien.

11.4.2 Die dienstermyn van lede van die Uitvoerende Komitee wat gekoöpteer word, is een jaar. Indien sulke lede se dienstermyn langer as twee jaar moet wees, moet hulle jaarliks herbenoem word.

11.5 Vakatures

Indien die Presidentsamp voortydig, om watter rede ook al, vakant raak, neem die Adjunkpresident as President oor en indien die Adjunkpresident sy pos moet ontruim, vir watter rede ook al, sal die Visepresident: Ledesake die amp beklee totdat 'n opvolger deur die Nasionale Takvoorsittersforum en die Kongres verkies kan word. Vakatures wat in die ander portefeuljes mag ontstaan, kan gevul word deur koöptasie totdat die Kongres en Nasionale Voorsittersforum geleentheid kry om 'n opvolger te verkies.

11.6 Funksies en Bevoegdhede

Die funksies van die Uitvoerende Komitee behels alle beleid, strategieë, handelinge en prosedures wat nodig mag wees om die doelstellings van die Vereniging te bereik. Met die oog daarop het die Uitvoerende Komitee die volgende verantwoordelikhede en bevoegdhede:

11.6.1 Om die beleid, reëls en prosedures op te stel, vir bekragtiging deur die Kongres, wat nodig mag wees om die bepalings van hierdie Konstitusie te verwesenlik en om enige aktiwiteit of handeling van die bestuursliggame en ampsdraers van die Vereniging te rig en te lei;

11.6.2 Om die finansiële en tegniese hulpbronne te vind en koste-effektief aan te wend met die oog op die verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging;

11.6.3 Om die regte, voorregte en pligte verbonde aan lidmaatskap, waaronder lidmaatskapgeld, vas te stel in ooreenstemming met die bepalings van die Interne Reëls;

11.6.4 Om voltydse en/of deeltydse personeel, wat benodig word om die aktiwiteite van die Vereniging te bedryf en te bestuur, in diens te neem en te besoldig teen sodanige besoldiging as wat wenslik geag word in terme van heersende tendense in die arbeidsmark en op sodanige diensvoorwaardes as wat wenslik geag word in terme van die heersende arbeidsreg;

11.6.5 Om bedryfstrukture en -stelsels te ontwerp en te bestuur wat nodig mag wees om die doelstellings van die Vereniging te bereik;

11.6.6 Om aan 'n bevoegde persoon die reg oor te dra en toe te vertrou om bepaalde dokumente, wissels, promesses of prokurasies namens en ten behoewe van die Vereniging te teken;

11.6.7 Om met ander verenigings te skakel en saam te werk wat gemeenskaplike of aanverwante doelstellings nastreef;

11.6.8 Om enige ooreenkoms van welke aard ook al met enige instansie te sluit ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging;

11.6.9 Om die stigting van takke en streke van die Vereniging te bevorder en te fasiliteer ter bevordering van die belange van die Vereniging en sy lede en die uitbreiding van sy lidmaatskap, onderhewig aan die reëls en voorwaardes soos van tyd tot tyd vasgestel deur die Kongres;

11.6.10 Om die bestuurstrukture en -prosedures van takke te standaardiseer en te koördineer met die oog op effektiwiteit van dienslewering en bestuur;

11.6.11 Om regsgedinge namens die Vereniging in te stel, te voer, te verdedig, te laat vaar of te skik;

11.6.12 Om verder alles te doen of te laat doen wat nie spesifiek hier genoem is nie, maar wenslik geag word vir die verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging.

11.7 Werkverrigting van Lede van die Uitvoerende Komitee

Lede van die Uitvoerende Komitee sal hulle portefeuljes bestuur in terme van 'n vaste taakomskrywing en 'n spesifieke taakooreenkoms wat met die President gesluit is en op grond waarvan hulle werksuitsette van tyd tot tyd beoordeel sal word. Die President het die reg om verskuiwings aan portefeuljes in die Uitvoerende Komitee aan te bring en om taakooreenkomste van lede van die Uitvoerende Komitee te wysig.

11.8 Vergaderings

11.8.1 Die Uitvoerende Komitee vergader minstens ses maal per jaar op 'n datum en plek wat deur die President bepaal word;

11.8.2 Die President is *ex officio* voorsitter en die Adjunkpresident is ex officio-ondervoorsitter van die Uitvoerende Komitee;

11.8.3 Die sakelys van UK-vergaderings word deur die President in oorleg met die Hoof Uitvoerende Beampte vasgestel;

11.8.4 Die Uitvoerende Komitee kan individue, taakspanne en komitees benoem om hom te adviseer oor bepaalde aspekte van sy werksaamhede; en

11.8.5 Die prosedures vir vergaderings van die Uitvoerende Komitee word deur die Interne Reëls bepaal.

12. Streke

Die Vereniging kan in bepaalde geografiese areas streke met streekbesture as intermediêre bestuurstrukture skep. Streke moet uit minstens 3 takke bestaan, soos en waar dit doelmatig aangewend kan word.

13. Takke en Takbesture

13.1 Stigting en Ontbinding van Takke

Die Vereniging kan takke stig om op plaaslike vlak diens te lewer en om maksimale benutting van die voorregte van lidmaatskap deur lede moontlik te maak. Die Vereniging kan ook bestaande takke saamvoeg of ontbind indien operasionele vereistes dit noodsaaklik sou maak, met dien verstande dat twee derdes van die lede van die betrokke tak(ke) se lede tydens 'n vergadering wat spesiaal vir die doel belê is ten gunste van die samevoeging of ontbinding stem.

13.2 Toedeling van Lede aan Takke

Die Vereniging kan lede in ‘n bepaalde geografiese gebied aan ‘n tak wat daardie gebied bedien, toedeel. Lede wat nie met die toedeling tevrede is nie, kan skriftelik versoek dat hulle aan ‘n tak van hul keuse toegedeel word.

13.3 Status van Takke

13.3.1 Takke en takbesture word gekonstitueer as ondergeskikte strukture van die Vereniging met hulle eie interne reëls, identiteit, tradisies, en gebruike wat versoenbaar is met die Konstitusie, Interne Reëls, Gedragskode en Dissiplinêre Prosedure van die Vereniging.

13.3.2 Alle bates, inkomste en uitgawes van Takke word finansiëel verantwoord in die finansiële state van die Vereniging aangesien Takke nie afsonderlike regsentiteite met eie finansiële state is nie.

13.3.2 Alle handelinge van Takke is handelinge van en namens die Vereniging. Die Vereniging word daarom verbind deur enige handeling van Takke. Takke moet daarom ooreenkomstig die toepaslike beleid van die Vereniging optree.

13.3.3 Alle kontraktuele ooreenkomste deur Takke aangegaan moet vooraf goedgekeur word deur die Vereniging. Takke sal hierin bygestaan word deur die Vereniging.

13.4 Funksies van Takke

Takke is verantwoordelik vir die volgende funksies:

13.4.1 Verwesenliking van die doelstellings van die Vereniging op plaaslike vlak;

13.4.2 Verantwoordelike en deursigtige bestuur van die bates benut deur die tak;

13.4.3 Aktiewe instandhouding en ontwikkeling van taklidmaatskap;

13.4.4 Behartiging van die diverse belange van die lede van die tak binne die raamwerk van die doelstellings en beleidsbesluite van die Vereniging; en

13.4.5 Handhawing van gesonde dissipline in die tak ooreenkomstig die dissiplinêre kode van die Vereniging.

14. Die Nasionale Takvoorsittersforum

Daar sal ‘n Nasionale Takvoorsittersforum wees wat bestaan uit alle takvoorsitters of hulle gedelegeerdes.

14.1 Samestelling

Die Nasionale Takvoorsittersforum bestaan uit:

14.1 die President van die Vereniging (Voorsitter);

14.2 die Visepresident: Ledesake

14.3 die voorsitters van alle tak- en streekbesture;

14.4 die Hoof Uitvoerende Beampte.

Hoofde van bedryfsdepartemente of enige ander persoon wat na die oordeel van die Voorsitter 'n bydrae kan maak, kan die vergaderings van die Forum op uitnodiging bywoon vir doeleindes van inligting en advies.

14.2 Funksies

Die Nasionale Takvoorsittersforum is 'n liggaam wat:

14.2.1 'n Rigtinggewende en moniteringsfunksie het ten opsigte van beleidsontwikkeling en toepassing;

14.2.2 Besluite kan neem oor die vervreemding van onroerende bates soos omskryf in Klousule 21

14.2.3 Beter kommunikasie en koördinasie tussen takke onderling, tussen takke en die Uitvoerende Komitee en tussen takke en die bedryfsdepartemente van die Vereniging bewerkstellig;

14.2.4 Probleme op die bedryfsvlak tussen takvoorsitters en bedryfsbestuurders opklaar;

14.2.5 Takvoorsitters in staat stel om te beraadslaag oor gemeenskaplike probleme en uitdagings;

14.2.6 Die Uitvoerende Komitee kan versoek om 'n buitengewone Kongres byeen te roep.

14.2.5 Die Visepresident: Ledesake verkies; en

14.2.6 Geraadpleeg kan word oor en terugvoering kan gee oor die finansies en ledesake van die Vereniging.

14.3 Werkwyse

14.3.1 Die Nasionale Takvoorsittersforum vergader so dikwels as wat die Voorsitter dit nodig ag, maar ten minste twee keer per jaar.

14.3.2 Die Nasionale Takvoorsittersforum kan ook in streekverband vergader soos en wanneer nodig.

14.3.3 Sakelyste vir vergaderings van die Forum word deur die Voorsitter in oorleg met die takvoorsitters opgestel.

14.3.4 Die notules van die Nasionale Takvoorsittersforum se vergaderings word in die sakelys van die Uitvoerende Komitee opgeneem, waar dit deur die President toegelig word.

15. Erfenisraad

Die Vereniging kan 'n Erfenisraad tot stand bring wie se taak dit is om die Vereinging te adviseer oor die instandhouding en ontwikkeling van die kultuur, tradisies en waardes van die Vereniging deur voorstelle daaroor aan die Uitvoerende Komitee te maak. Die Erfenisraad sal bestaan uit voormalige presidente van die Vereniging, met dien verstande dat geen voormalige president wat 'n amptenaar van die Vereniging is, op die Erfenisraad mag dien nie, behalwe met spesiale toestemming van die Erfenisraad. Die lede van die Erfenisraad kan die Kongres bywoon en het daar dieselfde status as takafgevaardigdes.

16. Finansies

16.1 Verslaglewering

Finansiële verslaglewering geskied soos volg:

16.1.1 Finansiële verslaglewering vind plaas in terme van die algemeen aanvaarde rekenkundige praktyke (AARP);

16.1.2 Maandeliks deur die Hoof Uitvoerende Beampte aan die Uitvoerende Komitee; en

16.1.3 Jaarliks deur die Uitvoerende Komitee aan die Kongres in die vorm van geouditeerde finansiële jaarstate.

16.1.4 Geouditeerde jaarlikse finansiële state moet ook aan gewone lede beskikbaar gestel word op metodes wat van tyd tot tyd deur die Kongres bepaal word.

16.2 Tekenmagte

Alle prokurasies ter instelling of verdediging van enige regsgeding, of vir die registrasie van enige oordrag van vaste eiendom, of verder alle ooreenkomste, kontrakte, verhandelbare dokumente, en ander dokumente of stukke moet, tensy die mag gedelegeer is aan ‘n ander persoon, of tensy dit anders besluit word deur die Kongres, deur enige lid van die Uitvoerende Komitee en die Hoof Uitvoerende Beampte of sy gedelegeerde, geteken word.

16.3 Ouditeure

Die finansiële state van die Vereniging word jaarliks geouditeer. Ouditeure vir die finansiële state van die Vereniging word jaarliks deur die Kongres benoem. As sodanige gekose ouditeur se dienste om die een of ander rede voor die normale datum van die Kongres beëindig word, benoem die Uitvoerende Komitee ‘n plaasvervangende ouditeur vir die tydperk tot die Kongres plaasvind.

17. Interne Reëls

Die Uitvoerende Komitee het die bevoegdheid om voorskrifte en prosedures vir bepaalde funksies, handelinge en prosedures van bestuursliggame, ampsdraers en werknemers van die Vereniging vas te stel vir bekragtiging deur die Kongres, wat bekend sal staan as die Interne Reëls van die Vereniging en wat dieselfde regskrag as hierdie Konstitusie het.

17.1 Bepalings van die Interne Reëls mag nie in stryd wees met die Konstitusie, Gedragskode en Dissiplinêre Kode nie.

17.2 Die Nasionale Takvoorsittersforum kan wysigings aan die Interne Reëls voorstel deur versoeke vir wysiging van bepaalde klousules aan die Uitvoerende Komitee voor te lê vir oorweging.

17.3 Veranderings en toevoegings aan die Interne Reëls, indien enige, word jaarliks aan die Kongres voorgelê vir bekragtiging.

18. Dissipline

Die Uitvoerende Komitee het die bevoegdheid om ‘n Gedragskode en Dissiplinêre Prosedure op te stel vir bekragtiging deur die Kongres. Lede en bestuursliggame wat die bepalings van hierdie Konstitusie, die Interne Reëls en die Gedragskode van die Vereniging oortree, sal gedissiplineer word in ooreenstemming met die bepalings van die Vereniging se Dissiplinêre Prosedure.

19. Erflatings

19.1 Die Vereniging mag erflatings aanvaar en sal die vereiste finansiële en juridiese strukture skep om sodanige erflatings in belang van die Vereniging en sy lede te kan ontvang en aan die vereistes van die erflatings te voldoen. Die Vereniging hou hom die reg voor om erflatings van die hand te wys indien die Vereniging nie aan die voorwaardes van die testateur kan voldoen nie.

19.2 Die Vereniging verbind homself tot die beskerming en aanwending van erflatings, streng volgens die bepalings van so ‘n erflating. Indien erflatings aan die Vereniging gemaak word sonder spesifieke instruksies, sal sodanige erflating bestuur word in terme van die finansiële en enige ander toepaslike beleid.

19.3 Die Vereniging sal ‘n amptelike erflatingsregister byhou wat vir elke lid van die Vereniging toeganklik sal wees en sal elke projek wat uit die fonds gefinansier word, opsigtelik aandui.

20. Ererol

Die Vereniging sal ‘n ere-rol byhou wat opsigtelik vertoon sal word en behoorlik in stand gehou sal word, van die volgende lede van die Vereniging volgens verdienste:

20.1 Lede wat ‘n buitengewone bydrae tot jag en bewaring gemaak het en wat nasionaal erken word.

20.2 Lede wat ‘n buitengewone bydrae tot die Vereniging gemaak het by wyse van skenkings of erflatings.

20.3 Voormalige en uitgetrede presidente van die Vereniging.

20.4 Enige ander lid, wat in die oordeel van die lede van die Vereniging ‘n bydrae gemaak het wat nie hierbo genoem is nie, maar die Vereniging tot diens was en buitengewone erkenning moet kry.

Slegs die Kongres kan ‘n lid toelaat tot die nasionale ere-rol, nadat die bepaalde lid by wyse van ‘n voorstel op die Kongres bekend gestel is en daar ‘n formele stemming oor die lid plaasgevind het, soos in die Interne Reëls uiteengesit.

21. Vervreemding van Bates

Die Vereniging onderneem om nie bates van die Vereniging te vervreem sonder behoorlike oorlegpleging deur die strukture van die Vereniging met die lede nie.

21.1 Die vervreemding van enige onroerende of roerende bate, uitgesluit finansiële instrumente, wat deur middel van ‘n bemaking verkry is, moet deur ‘n besluit van die Kongres gemagtig word.

21.2 Die vervreemding van enige onroerende bate moet deur die lede gemagtig word met ‘n tweederde meerderheid by wyse van ‘n Kongresbesluit of alternatiewelik by wyse van ‘n tweederde meerderheid besluit van die aanwesige lede van die NTVF .

21.3 Met finansiële instrumente kan binne die finansiële beleid, onderworpe aan Uitvoerende Komitee se goedkeuring en enige beperking rondom so ‘n instrument, gehandel word.

21.4 Met enige ander bedryfsbates kan normaal gehandel word onderworpe aan die finansiële beleid en goedkeuring deur die Uitvoerende Komitee.

22. Ontbinding van die Vereniging

Die Vereniging kan ontbind word indien ’n tweederde meerderheid van die aanwesige lede van die Kongres, om watter rede ook al, so sou besluit. Die mosie ter ontbinding van die Vereniging moet aan dieselfde prosedure voldoen as dié ten opsigte van ’n konstitusiewysiging wat in klousule 22 hieronder vereis word. Die mosie ter ontbinding van die Vereniging moet eksplisiet voorsiening maak vir die beskikking oor die bates en laste van die Vereniging by ontbinding, insluitend die bates wat gehou word in die naam van ander regsentiteite wat deur die Vereniging opgerig is. By ontbinding gaan die bates vandie Vereniging na ’n verdienstelike bewaringsinstansie soos deur die ontbindingsbesluit bepaal sal word met die verstande dat die doelstellings van so ‘n bewaringsinstansie of -instansies versoenbaar met die doelstellings van hierdie Konstitusie sal wees.

23. Wysiging van Hierdie Konstitusie

Hierdie Konstitusie kan gewysig word deur ’n tweederde meerderheid van die aanwesige stemgeregtigde lede by ‘n vergadering van die Kongres in ooreenstemming met die bepalings van die Interne Reëls. Die prosedure vir die indiening van voorstelle vir konstitusiewysigings word deur die Interne Reëls bepaal.

24. Interpretasie van die Konstitusie

By interpretasie van hierdie Konstitusie sal die Afrikaanse weergawe van toepassing wees.

FINIS